PSG Asset Management weer groot wenner by Raging Bull-Toekennings

Die 16de jaarlikse Raging Bull-Toekennings is Woensdagaand, 25 Januarie by The Rotunda in Kampsbaai gehou en PSG Asset Management was opmerklik wenners.

Die Raging Bull-Toekennings bied erkenning aan uitmuntentheid in langtermyn-fondsbestuur en 10 Raging Bull-Toekennings en 29 Raging Bull-sertifikate was op die spel. PSG Asset Management het nie minder nie as 2 van die gesogte Raging Bull-Toekennings ingepalm en is verder ook 'n Raging Bull-Sertifikaat toegeken.

Jan Mouton, Hoofbeleggingsbeampte bestuurder van die PSG Flexible Fund en Shaun le Roux, bestuurder van die PSG Equity Fund, met die Raging Bull-Toekennings wat hulle ontvang het.

Top Regstreekse Presteerder

Die PSG Equity Fund is bekroon met 'n *Raging Bull-Sertifikaat* vir die fonds met die hoogste totale beleggingsopbrengs van alle Algemene Aandele-fondse oor die voorafgaande drie jaar tot einde Desember 2011.

Die PSG Equity Fund is die eerste *Raging Bull-Toekenning* van die aand toegeken as erkenning vir die beste breed-gebaseerde plaaslike aandelefonds met die hoogste totale beleggingsopbrengs van ALLE aandelefondse oor die voorafgaande drie jaar.

Top Risiko-aangepaste Presteerder

Die PSG Flexible Fund is met 'n Raging Bull-Toekenning vir die beste plaaslike bate-allokasie veelsydige fonds op 'n risiko-aangepaste grondslag vereer. Dit is met in agneming van risiko-aangepaste opbrengste en konsekwentheid van prestasie oor vyf en drie jaar.

Konsekwent, Konserwatief, Kontradenkend

Jan Mouton, Hoofbeleggingsbeampte PSG Asset Management, het na die geleentheid gesê:

"Die feit dat nie een nie, maar twee van ons fondse erkenning ontvang het vir die beste in hul sektor en die feit dat die PSG Equity Fund as die beste presteerder van al die plaaslike aandelefondse aangewys is, is 'n duidelike bewys van die konsekwente toepassing by ons portefeuljes van ons beleggingsproses. Die Raging Bull-Toekennings erken langtermyn-presteerders en by PSG Asset Management word daar hard gewerk om ons portefeuljes in pas te bring met hierdie grondslag.

"Om erken te word as die beste fonds in 'n spesifieke area of kategorie wys ook na dit wat ons anders doen. PSG Asset Management is 'n kontradenkende fondsbestuurder wat op die koop van ongewilde gehalte-maatskappye fokus. Wanneer ander verkoop, is ons kopers en omgekeerd.

"Die toekenning van die beste risiko-aangepaste opbrengs aan PSG Flexible Fund wys ook hoe belangrik ons konserwatiewe benadering tot die bestuur van ons kliënte se beleggings is. Om nie geld vir kliënte te verloor nie, is 'n baie belangrike fokus. Daar was in die laaste paar jaar aansienlike wisselvalligheid, te midde waarvan dié fonds 'n uitstekende balans tussen risiko en opbrengs gehandhaaf het.

Ons is baie ingenome met die feit dat die PSG Flexible Fund die Raging Bull-Toekennings vir die tweede agtereenvolgende jaar kon wen."

Shaun le Roux*, portefeuljebestuurder van die PSG Equity Fund sê:

"Dit is wonderlik om weer op aan die wennerspodium te staan! Ons het beide hierdie twee toekennings laas in 2006 gewen en om dit weer te doen is 'n groot eer. Wat PSG Equity laat uitstaan het, was ons konsekwente aandelekeuses. Alle eer moet aan ons aandelespan gaan, wat ure aan navorsing gewy het om die belegging-idees te genereer en wat gewerk het. Die geduldige belegger wat by PSG Equity gebly het, is ryklik beloon. Rakende die toekoms, is ons baie opgewonde oor werklike uitstekende idees en wat aan ons beleggingskriteria voldoen. Goeie maatskappye, sowel plaaslik as wêreldwyd bied aantreklike waarde en ons voel dat ons portefeuljes is goed geposisioneer vir volgende jaar en later.

* Shaun le Roux sal een die sprekers wees by die PSG Outlook aanbiedings wat aan finansiële adviseurs volgende week in aanvang neem. Dit sal by twee geleenthede in Kaapstad aangebied word, voordat dit na Bloemfontein, Johannesburg, Pretoria, Durban, Pietermaritzburg en Port Elizabeth aanbeweeg. Om na Shaun te luiter en van die ander lede van die PSG Asset Management-span, bespreek u plek deur www.psgam.co.za/events te besoek.